

# 22

## JESUS EN DIE STERREKYKERS

# Ons Verlosser word gebore

### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat Jesus, ons beloofde Verlosser, gebore is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- Jesus is die Verlosser wat voorspel is.
- Jesus is in Betlehem gebore.
- die Naam Jesus beteken Verlosser.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- bly wees oor Jesus se geboorte.
- dankbaar wees dat Jesus ons van ons sonde verlos.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- die geskiedenis van Jesus se geboorte kan vertel,
- kan vertel watter betekenis Jesus se geboorte vir ons lewe het.

#### **MEER INLIGTING (Matteus 1: 18 – 2: 12)**

Lank gelede het die profeet Jesaja (7: 13-15) gesê dat die Here 'n teken vir sy volk gaan gee: 'n *Bepaalde* seun sou gebore word. In sy tyd was dit al 'n heenwysing na die ware Verlosser wat baie later sou kom. Toe die tyd baie jare daarna daarvoor aanbreek, het Maria, wat aan

Josef verloof was, 'n baba verwag. Dit was 'n baie groot skande, en Josef wou skelm-skelm vir Maria los. Die Here het deur 'n engel in 'n droom met Josef kom praat. Hy sê dat Josef nie bang moet wees om met Maria te trou nie, want die Kind wat sy verwag, kom van die Heilige Gees. Josef moet hierdie Seun Jesus noem. *Jesus* beteken *Verlosser*. Dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Jesus is in Betlehem in Judea gebore in die tyd van koning Herodes. Sterrekykers uit die ooste het in Jerusalem aangekom en gevra waar die koning van die Jode gebore is. Herodes was baie ontsteld toe hy hoor van Jesus se geboorte. Hy het dadelik al die priesterhoofde en Skrifgeleerdes uitgevra oor die geboorte van Christus. Hulle het vir Herodes gesê dat Hy in Betlehem gebore is.

Herodes het die sterrekykers in die geheim ontbied om te probeer vasstel wanneer die ster verskyn het. Onder die voorwendsel dat hy self hulde aan die Kindjie wou bring, stuur hy die sterrekykers Betlehem toe om noukeurig te gaan ondersoek instel na die Kindjie. 'n Ster het hulle gelei tot bo die plek waar die Kindjie was.

Hulle het in die huis ingegaan en vir die Kindjie geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. Dit was in daardie tyd baie duur geskenke. God het die sterrekykers gewaarsku om nie na Herodes toe terug te gaan nie. Daarom is hulle met 'n ander pad huis toe.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Twee A4-grootte afskrifte van die vraestel op die volgende bladsy – genoeg skryfruimte om antwoorde in te vul.

## **KOM ONS BEGIN**

Vra 'n graad 6-kind wat wil, om te open met 'n gebed.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Lank gelede het die profeet Jesaja gesê dat die Here 'n teken vir sy volk gaan gee: 'n *Bepaalde* seun sou gebore word. In sy tyd was dit al 'n heenwysing na die ware Verlosser wat baie later sou kom. Toe die tyd baie jare daarna daarvoor aanbreek, het Maria, wat aan Josef verloof was, 'n baba verwag. Josef was skaam, want hy was nog nie getroud met Maria nie. 'n Engel van die Here het in 'n droom met Josef gepraat. Hy het gesê dat die Kindjie van die Heilige Gees kom. Josef moet Hom Jesus noem. Dit beteken Verlosser.

## **IETS INTERESSANT**

Maak gebruik van MEER INLIGTING om meer oor die geboorte van Jesus te vertel.

## Vraestel

<ul style="list-style-type: none"><li>• Waar is Jesus gebore?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Wat beteken die Naam Jesus?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Wie was Jesus se aardse ouers?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Wie het al baie jare gelede voorspel dat Jesus gebore sou word?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Watter koning het in Judea geheers toe Jesus gebore is?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Waarvandaan het die sterrekykers gekom?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Wat het die sterrekykers as geskenke gegee?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Was Herodes eerlik met die sterrekykers?</li></ul>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Watter betekenis het Jesus se geboorte vir ons?</li></ul>	

## IETS BELANGRIK

Herhaal weer van die feite oor Jesus se geboorte:

- Die Here het lank voor Jesus se geboorte al tekens vir die profeet Jesaja gegee dat die Verlosser gebore sou word.
- Dit het waar geword toe Maria, wat aan Josef verloof was, 'n baba verwag.
- Dit was 'n baie groot skande, en Josef wou skelm-skelm vir Maria los.
- Die Here het vir Josef gesê dat hy nie bang moet wees nie. Die Kind wat sy verwag, kom van die Heilige Gees.
- Josef moet hierdie Seun Jesus noem.
- *Jesus* beteken *Verlosser*.
- Jesus is in Betlehem gebore.
- Sterrekykers uit die ooste het kom uitvind waar die koning gebore is.
- Herodes wou die Kindjie doodmaak.
- Die sterrekykers het Jesus in Betlehem gekry.
- Die sterrekykers het nie vir Herodes gaan sê waar die Kindjie is nie.
- Die Here het dit vir hulle in 'n droom gesê.
- Jesus se geboorte beteken dat ons gered is.
- Ons is dankbaar dat Jesus ons verlos het.

## IETS OM TE DOEN

- Deel die klas in twee groepe – minstens een uit elke graad.
- Laat hulle saam sit en so vinnig moontlik die breinkaart in hulle boeke voltooi.
- 'n Graad 4-kind uit die groep wat eerste klaar is, rapporteer terug.
- Gee die regte antwoorde indien nodig.

Verlosser	Josef	Dawid en Jonatan	Nasaret	profeet Jesaja	
sondes	Verlosser	Maria	Jerusalem	Betlehem	Herodes
		gered	profeet Jeremia		

JESUS WORD GEBORE
Jesus se aardse ouers was <i>Maria</i> en <i>Josef</i> .
Jesus is die <i>Verlosser</i> wat voorspel is.
Jesus se Naam beteken <i>Verlosser</i> .
Die <i>profeet Jesaja</i> voorspel al baie jare gelede dat Jesus gebore sou word.
Jesus is in <i>Betlehem</i> in Judea gebore.

Jesus se geboorte beteken vandag vir ons dat ons *gered* is.

Ons moet dankbaar wees dat Jesus ons van ons *sondes* verlos het.

Koning *Herodes* het in die tyd regeer toe Jesus gebore is.

- Gee hulle vyf minute om onderstaande vrae en antwoorde wat in hulle boeke is in hulle groep te leer.
- Laat hulle hulle boeke toemaak, en gee vir elke groep 'n vraestel om in te vul.
- Gee hulle drie minute kans om dit te voltooi.
- Merk die vrae – die groep wat die meeste reg het, is die winner.

Waar is Jesus gebore?	<i>In Betlehem in Judea.</i>
Wat beteken die Naam Jesus?	<i>Jesus beteken Verlosser.</i>
Wie was Jesus se aardse ouers?	<i>Josef en Maria.</i>
Wie het al baie jare gelede voorspel dat Jesus gebore sou word?	<i>Die profeet Jesaja.</i>
Watter koning het in Judea geheers toe Jesus gebore is?	<i>Koning Herodes.</i>
Waarvandaan het die sterrekykers gekom?	<i>Hulle het uit die ooste gekom.</i>
Wat het die sterrekykers as geskenke gegee?	<i>Goud, wierook en mirre.</i>
Was Herodes eerlik met die sterrekykers?	<i>Nee, want hy wou nie regtig vir Jesus geskenke neem nie. Hy wou Jesus doodmaak.</i>
Watter betekenis het Jesus se geboorte vir ons?	<i>Dat Jesus ons van ons sondes kom verlos het en dat ons gered is.</i>

## **AFSLUITING**

Onthou om met die kinders reëlings te tref vir die aanbieding van Les 24. Laat hulle by Les 24 by IETS OM TE DOEN gaan kyk wat hulle nodig het vir hulle Kersfeesprojek.

Vra 'n graad 7-kind wat wil, om Gesang 370: 3 te lees. Vra 'n graad 5-kind wat wil, om daarna af te sluit met 'n gebed.

*Sterrekykers uit die ooste  
bring geskenke tot sy eer.  
Hy's die nuutgebore Koning –  
hierdie Kindjie is die Heer.*

*Sing hosanna! Sing hosanna!  
Prys Hom, Jesus, Seun van God!*